**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A521/2003

In die appèl tussen:

**THABISO ISAAC MABUNDA** APPELLANT

en

**DIE STAAT** RESPONDENT

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* MENONG WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 14 FEBRUARIE 2005

---

**UITSPRAAK:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 21 FEBRUARIE 2005

---

Appellant is 'n 32-jarige eerste oortreder wat in die Streekhof tereggestaan het op 'n aanklag van roof met verswarende omstandighede. Hy het onskuldig gepleit en was deur 'n prokureur verteenwoordig. Hy is skuldig bevind soos aangekla en gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf. Hierdie vonnis is die voorgeskrewe

minimum vonnis tensy die verhoorhof wesenlike en dwingende omstandighede bevind wat die oplegging van ‘n mindere vonnis regverdig.

Die roof is gepleeg deur ‘n groep mans (waarvan een met ‘n vuurwapen gewapen was) wat helder oordag ‘n sakeman en sy vrou in hulle besigheid aangehou het en met ‘n kasregister bevattende tussen R1 300,00 en R1 400,00 laat spaander het. Terwyl hulle agtervolg is, het hulle die kasregister laat val. Dit is beskadig, maar al die geroofde geld is teruggekry.

Appellant is met die voorval verbind deur sy vingerafdruk wat aan die binnekant van die kantoordeur van die besigheid gevind is. Volgens die aanvaarde getuienis van die klaer en sy vrou is hulle juis in hierdie kantoor deur die rowers ingedwing. Appellant het getuig dat hy as klant by die besigheid gaan sake doen het voor die voorval, maar nooit in daardie spesifieke kantoor was nie.

Die skuldigbevinding is onaanvegbaar en Mnr. Edeling het tereg toegegee dat dit in orde is.

Wat die vonnis betref, betoog hy egter dat die landdros verskeie wanvoorligtings begaan het en fouteer het in sy bevinding dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van ‘n mindere vonnis as die voorgeskrewe minimum veroorloof of regverdig nie.

In sy uitspraak verwys die landdros na passasies in verskeie gerapporteerde beslissings waarin die howe die erns van hierdie tipe misdryf beklemtoon. Mnr. Edeling het die feite van hierdie beslissings vergelyk met die feite in die onderhawige saak en aangevoer dat die landdros verkeerdelik op hierdie beslissings gesteun het, omdat daardie oortredings ernstiger was as appellant

se oortreding. Hierdie betoog gaan nie op nie: Die landdros het nêrens in sy uitspraak verwys na die <u>feite</u> van die betrokke beslissings nie. Hy haal, onder andere, die volgende passasies aan:

<u>**S v NOMBEWU**</u> 1996 (2) SASV 396 (OKA) op p. 407 d – e:

> "This kind of violence is becoming more and more prevalent. People who commit it show no mercy to their victims. They should know that their conduct warrants their removal from society. Even first offenders who commit a violent armed robbery like this should expect a long term of imprisonment when they are brought to justice. Society requires this for its protection and as a mark of its disapproval."

<u>**S v MONDI EN 'N ANDER**</u> 1999 (1) SASV (O) 292 op p. 296 c – d:

> "Hierdie Hof se afkeur en weersin in sodanige gedrag kan nie oorbeklemtoon word nie en sy standpunt daaromtrent moet duidelik en ondubbelsinnig uitgedra word."

<u>**S v VALLEY**</u> 1998 (1) SASV 417 (WLD) die kopstuk:

> "Factors to be taken into account – Prevalence of offence and interests of community - Increasing lawlessness of society, and particularly use of firearms during robberies, dictating that persons who commit such crimes have to be severely punished – Message to go out that persons who commit such crimes will be dealt with severely."

**S v MOHASE** 1998 (1) SASV 185 (O) op p. 193 d – e:

> "Gewapende rooftogte neem huidiglik ernstige afmetings aan in die gebied van hierdie Hof en is dit belangrik dat 'n duidelike boodskap aan die voornemende misdadiger gestuur word dat hierdie optrede nie deur die howe geduld sal word nie. Die element van vergelding en veral afskrikking kom hier sterk na vore."

Dit is duidelik dat die landdros nie na hierdie beslissings verwys het om die feite daarin te vergelyk met die feite voor hom nie. Hy het bloot hierdie beslissings aangehaal as gesag vir sy stelling dat gewapende roof 'n baie ernstige misdryf is.

Mnr. Edeling het voorts aangevoer dat die landdros fouteer het

deur te bevind dat die verswarende omstandighede die versagtende omstandighede "by verre oorskry" en dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan nie. Ek kan nie saamstem nie: Die rooftog het helder oordag plaasgevind en kon maklik in 'n tragedie ontaard het as die klaer en sy vrou nie maar gedwee die rowers se opdragte uitgevoer het nie. Appellant het geen berou getoon nie en selfs ná skuldigbevinding volgehou dat hy onskuldig is. Die rooftog was noodwendig vooraf beplan. In **S v VERMEULEN** 2004 (2) SASV 174 (HHA) op p. 184 a – b beklemtoon die Hof dat die verswarende en versagtende omstandighede teenoor mekaar opgeweeg moet word om te bepaal of daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan. Na my mening het die landdros juis dit gedoen. Die appèl teen die vonnis kan ook nie slaag nie.

Gevolglik word die appèl van die hand gewys en word beide die skuldigbevinding en vonnis bekragtig.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

---

**M.I. MENONG, WND R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. W. Edeling<br>In opdrag van:<br>Israel & Sackstein<br>WELKOM |
| Namens die respondent: | Adv. H. Amod<br>In opdrag van:<br>DOV<br>BLOEMFONTEIN |

/sp